



Destruksie ten minste tien maal beklemtoon – ’n interpretasie van “Kraak die aardbol langs ’n naat” van Wilma Stockenström

Betsie van der Westhuizen
Skool vir Tale (Afrikaans en Nederlands)
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM
E-pos: afnesvdw@puknet.puk.ac.za

Abstract

Destruction at least ten times emphasized – an interpretation of
“Kraak die aardbol langs ’n naat” (“Cracking the earth along the seam”)
by Wilma Stockenström

In this article the value of syntactical analysis in the interpretation of a poem is investigated from the premise that emphasis can be effected inter alia in the following ways: (a) by contravening certain rules that apply in standard language usage in order to compose grammatical sentences, b) the exploitation of parallel syntactical structures, and c) the relationship between sentence unit and line, and line and/or stanza. These theoretical points of departure form the basis of the syntactical analysis of “Kraak die aardbol langs ’n naat” (Wilma Stockenström), in which there are numerous deviations from the expected, normal and usual ways of constructing sentences. It is by these means that the semantic values gain prominence: the attention is drawn to the deviating behaviour of mankind continuing to destruct the earth until nothing remains. It is evident that the repeated use of irony and the satirical tone of this poem also contribute to persuade the reader to behave in a way opposite to that depicted in the poem. In this way the value of a syntactical analysis of this poem is illustrated. By uncovering the micro-structures (syntactical units) within the (macro-) structure (the poem), underlying patterns and the place of humanity in the universe can be better understood. In this way the analysis of this poem is then linked to the field of ecocriticism.

1. Vooraf

In Wilma Stockenström se gedig “Kraak die aardbol langs ’n naat” in *Monsterverse* (1984) word daar herhaaldelik satiries-onvleiend kommentaar gelewer op die mens se monsteragtige vermoë om af te breek. Om dit in die woorde van T.T. Cloete (1999:613-114) in sy interpretasie van hierdie bundel in *Perspektief en profiel* te stel: “dit is ’n bundel van die mens in die al”, maar dis ’n “beteuterde, klein, aanmatigende” mens oor wie se omgaan met die aarde ernstig besin word in poësie waarin “swaar beskoulikheid inderdaad lig in die taal aangebied word”. Die taalaanbod as sodanig blyk ’n boeiende invalshoek vir die bestudering van hierdie gedig te wees.

In die analise, interpretasie en evaluering van gedigte word daar gewoonlik aandag gegee aan die konstituele elemente en aan aspekte van poëtiese taalgebruik soos beeldspraak, sintaktiese en tipografiese organisasie, klankpatrone, asook ritme, metrum en tempo. Die aanleun by die taalkunde – in hierdie geval sintaktiese patrone in “Kraak die aardbol langs ’n naat” – kan heelwat bykomende winste vir die literêre insig en waardering van die gedig oplewer. Soos wat die semiotiese besprek van ’n teken leeg sal wees as die betekenis nie ook ter sprake kom nie, so kan daar ook nie slegs op die sintaksis van die gedig gekonsentreer word nie – die verband met die semantiek sal deurentyd (al is dit tersyde) ter sprake kom.

2. Teoretiese begronding

Die doel van hierdie artikel is om insigte wat die taalkunde, en veral die sintaksis, kan bied, as aanvulling te gebruik tot die interpretasie van “Kraak die aardbol langs ’n naat”. Die doel is dus nie ’n spesifiek taalkundige betoog nie; eerder ’n interdisiplinêre bymekaarbring van die taalkunde en die letterkunde, met die hoofdoel om die gedig beter te begryp.

Om enige gesprek of geskrewe teks te laat oplewe, en om verbasing, verwondering of nadenke teweeg te bring, word van ongewone middele, of van woorde met ’n ongewone betekenis, of van gewone woorde in ’n ongewone verband gebruik gemaak. In hierdie verband wys Fabb (1997:13) asook Gräbe (1984:178-290; 1992:489-493) daarop dat daar met die oog op nadruk of beklemtoning in poëtiese taalgebruik van maksimale vooropstelling, dit wil sê van die maksimale relevering van linguistiese middele gebruik gemaak word. Gräbe (1984:179) is ook van mening dat vooropstelling deur middel van ’n gewone aanwending van taalmiddele veral gebaseer is op leksikale en sintaktiese aspekte en dat fonologiese en morfologiese middele in ’n mindere mate gebruik word

(alhoewel laasgenoemde twee linguistiese aspekte wel 'n baie belangrike rol speel in die ko-kommunikasie van al die aspekte van poëtiese taalgebruik).

Sowel Peeters (1984:489) as Gräbe (1984:192) gaan van die standpunt uit dat alhoewel baie gedigte dwingende taalreëls oortree, dit interessant is dat sulke gedigte tog gedekodeer en begryp kan word. Levin, soos aangehaal deur Gräbe (1984:180), toon aan dat die erkenning van afwyking as 'n onderskeidende kenmerk van poëtiese taalgebruik reeds by Aristoteles voorgekom het. In 'n uitvoerige bespreking van die verband tussen sintaksis, versreëls en strofes brei Gräbe (1984:178-290; 1992:491-492) uit op die opvatting dat interne afwyking spesifiek ten opsigte van sintaksis herkenbaar is teen norme wat in die gedig self vasgelê word. In byvoorbeeld 'n gedig met oorwegend stelsinne sal die gebruik van 'n imperatief of vraagsin opval, of 'n reeks enkelvoudige sinne kan onderbreek word deur 'n saamgestelde sin, of omgekeerd.

Poëtiese taalgebruik kan, gesien teen die agtergrond van standaardgebruik, vreemd of "anders" voorkom sonder om tegelyk ongrammatikaal te wees (Gräbe, 1984:183). Alhoewel 'n uitspraak soos dat alle sinne wat afwyk van 'n linguisties bepaalde norm getipeer moet word as ongrammatikale sinne, hoef dit volgens Levin (soos aangehaal deur Gräbe, 1984:182), nie te dui op 'n soort kontra-grammatika nie, omdat die digter dikwels juis nuut en verrassend wil wees. Ter wille van die maksimale vooropstelling van die taaluiting in poëtiese taalgebruik, sal die sintaksis van 'n gedig uiteraard ook 'n eiesoortige aard hê.

Bolinger (1972:644) redeneer dat dit noodsaaklik is om te onderskei tussen aksent en nadruk, omdat aksent verwys na die spesifieke woorddeel wat beklemtoon moet word (byvoorbeeld *aard'bo!*) asook sinsaksent wat bepaal word deur semantiese en emosionele beklemtoning (byvoorbeeld *Hierdie hond blaf my wákker*), terwyl nadruk verband hou met die sintaksis. Daarvolgens kan beweer word dat dit wél moontlik is om vas te stel watter aspekte van 'n spesifieke gedig die digter wou beklemtoon, omdat dit uit die sintaktiese plasing van sinstukke afleibaar is. 'n Digter maak dus ook van ander middele as byvoorbeeld akuut- en gravisaksenttekens gebruik om sekere woorde en/of sinstukke in 'n gedig te beklemtoon. Dit hang egter uiteindelik in 'n groot mate af van watter terme iemand gebruik en hoe die keuse gemotiveer word. In hierdie artikel word woordaksent, metrum en ritme buite rekening gelaat, maar wel gefokus op wat gewoonlik in die taalkunde *nadruk* genoem word en wat in die letterkunde bekend staan as *beklemtoning*; die keuse vir die gebruik van hierdie terminologie stem grootliks ooreen met die wyses waarop Ponelis (1979) en Gräbe (1984, 1992) dit gebruik.

Middele om nadruk of beklemtoning te bewerkstellig is onder andere die volgende:

- Die oortreding van bepaalde reëls wat in standaardtaalgebruik geld vir die konstituering van grammatikale sinne.
- Die eksploitasie van parallelle sintaktiese strukture.
- Die verhouding tussen sinseenheid en versreël en versreël en/of strofe (Gräbe, 1984:185; 1992:489).

’n Grammatikale of “normale” sin in standaardgebruik bestaan ten minste uit ’n onderwerp en ’n gesegde, en daar is drie maniere om variasie in die sin te verkry, naamlik deur byvoeging, weglating en verskuiwing. Gräbe (1984:211) wys voorts daarop dat daar op dié wyse grammatikale, semi-grammatikale en a-grammatikale sinne kan ontstaan en dat ongrammatikaliteit altyd ook semantiese implikasies het. Sintaktiese ongrammatikaliteit maak dit vir die digter moontlik om meer te sê as wat moontlik sou wees binne die sintaktiese raamwerk van ’n konvensionele grammatika. Sintaktiese afwykinge is dus funksioneel omdat die kommunikasiemoontlikhede van standaardgebruik daardeur uitgebrei word. Dit is verder belangrik om in ag te neem dat sowel die geïmpliseerde grammatikale vorm as die afwyking daarvan ondersoek moet word. Die verbreking van grammatikale reëls, oftewel vooropstelling deur middel van afwyking, moet dus ook teen die eksterne norm van die gedigstruktuur bekyk word. Dit is duidelik dat die grammatikale norm dus nodig is vir die herkenning van die vooropgestelde afwyking, en dat die betekenisverskil uit ’n vergelyking tussen die twee sal blyk. As van die standpunt uitgegaan word dat die norm vir grammatikaliteit in Afrikaans is dat dit ’n SVO-taal (met die volgorde: subjek, verbum, objek/ onderwerp, gesegde, voorwerp) is, is enigiets wat méér links is as die subjek ’n verskuifde element en a-normaal.

Behalwe die semantiese verbande tussen verskuifde leksikale items, kry ’n sin in ’n teks sy betekenis deels ook uit die sinne wat rondom hom staan. Volgens Peeters (1984:492) het taalkundiges om dié rede die tekslinguistiek ontwikkel wat probeer vasstel watter reëlmatighede die samestelling van tekste beheers, sodat die afwyking in die gedig gemeet, verklaar kan word en selfs bereken kan word. In dieselfde verband sê Gräbe (1984:179) dat sinne met mekaar vergelyk moet word en dat verskille en ooreenkomste gesoek moet word. Op dié wyse kan dan afgelei word of sekere sinselemente op mekaar inspeel deur ooreenkoms en/of teenstelling en kan ook vasgestel word of daar ’n implisiete simmetrie selfs tussen sinne is.

'n Sintaktiese en 'n semantiese ondersoek van byvoorbeeld 'n gedig is nie waterdig te skei nie, omdat sintaktiese variasie altyd semantiese implikasies tot gevolg het. Die semantiese kwessies kan natuurlik ook *oorsaak* wees van die sintaktiese proses. Voorts is dit noodsaaklik om die semantiese implikasies deurentyd in ag te neem, omdat 'n bloot sintaktiese ondersoek, waarin geen betekenis uitgewys word nie, bloot 'n formalistiese werkswyse sou wees.

In 'n ondersoek na die verhouding tussen die sintaktiese snit en die tipografiese eenheid, wys Gräbe (1984:247) daarop dat daar verskeie maniere is waarop leksikale items in poëtiese taalgebruik op 'n opvallende manier in sintaktiese eenhede gekombineer kan word, sodat dit op die een of ander manier onderskei kan word van die algemeen geldige norm van standaardtaalgebruik. Die groepering van leksikale items in groter eenhede word in poëtiese taalgebruik egter nie slegs bepaal deur die eiesoortigheid van sintaktiese afwykings of ekstra patroonvorming nie. Gräbe (1984:242-256) verduidelik voorts dat 'n onderskeidende kenmerk van poëtiese taalgebruik juis die eksploitasie van tipografies waarneembare eenhede wat sorg vir addisionele kombinasie moontlikhede van leksikale items is. Die individuele woorde in enige gedig word daarom opgeneem in ten minste twee groter groeperings: dié van sintaktiese snit en dié van die versreël. Die afsonderlike versreël word natuurlik ook in die meeste gedigte opgeneem in die groter eenheid van die strofe. Daar is dus in 'n gedig minstens twee en hoogstens drie eenhede waarbinne leksikale items opgeneem kan word: sintaktiese snitte, versreëls en strofes. Daar sal dus rekening gehou moet word met sinseenheid aan die een kant en tipografiese afbakening van versreëls en strofes aan die ander kant, omdat selfs 'n normale "grammatikale" sin die aandag op hom kan trek deurdat die versreëlindeling nie saamval met die sintaktiese snit nie.

Gräbe (1984:242-243) toon ook aan dat die afbakening van woorde in verskillende versreëls, 'n spesifieke versreël telkens projekteer na 'n nuwe aanbod en dikwels deur die volgende woorde gewysig word, maar dat dit nie 'n eliminering van die eerste aanbod beteken nie. Daar kom dus as gevolg van die spanning tussen versreël en sintaksis 'n vermenigvuldiging van die aanbod tot stand. 'n Verdere funksie van versreëlverdeling is 'n ingryp in die mededeling, selfs by enjambement waar die versreëleinde en die sintaktiese snit mekaar nie dek nie. Nog 'n funksie van versreëlverdeling is die skeiding van sintakties samehorende woorde; dis egter nie net die skeiding wat belangrik is nie, maar ook die nuwe groepering wat as gevolg van die hergroepering tot stand kom. Ook in "Kraak die aardbol langs 'n naat" van Wilma Stockenström is die

verwagtingspatroon dat die aanvang van die sinne nie noodwendig sal saamval met formele tipografiese eenhede soos versreël en strofe nie.

Vervolgens sal “Kraak die aardbol langs ’n naat” geanaliseer word deur, vir die teoretiese onderbou daarvan, hoofsaaklik te steun op Ponelis se publikasie oor sintaksis getitel *Die Afrikaanse sintaksis* (1979) en Gräbe se sienings van sintaktiese kwessies in die poësie soos uiteengesit in *Aspekte van poëtiese taalgebruik: teoretiese verkenning en toepassing* (1984) en *Sintaksis in die poësie/Syntax in poetry* (1992). ’n Leesstrategie wat gevolg is om tot gevolgtrekkings oor die rol van die sintaksis in die oordra van betekenis in die gedig “Kraak die aardbol langs ’n naat” te kom, was om die gedig voorlopig (maar herhaaldelik) verkennend te lees, die werke van veral Ponelis en Gräbe intensief deur te werk en deurentyd relevante toepassings en afleidings te maak wat betref hierdie spesifieke gedig, en dit daarna integrerend te beskryf. Die hoofaspekte vanuit die taalkunde, soos uiteengesit in die werk van Ponelis (1979) wat in die analise betrek is, is woordklasse soos naamwoorde, setsels, werkwoorde, adjektiewe en adjunkte, asook ontkenning, sinskonstruksies en nadruk. Vanuit ’n literêre invalshoek is die volgende hoofkomponente van sintaktiese vooropstelling, soos beredeneer deur Gräbe (1984,1992), betrek: die oortreding van grammatikale reëls, die eksploitasie van vorme van herhaling en patroonvorming, en die verhouding tussen sintaktiese snitte en tipografiese afbakenings. Alhoewel daar verskeie ander benaderings tot die sintaksis is, val die keuse vir die teoretiese invalshoek vir die doel van hierdie artikel op die sienings van Ponelis, en alhoewel die gediganalise aansluit by die ekokritiek, word vir die doel van hierdie artikel nie intensief op teoretiese aspekte hiervan ingegaan nie.

3. Sin-vir-sin-gediganalise

- (1) Kraak die aardbol langs ’n naat
oop en dop maar uit – jy sal vind
drie myte en ’n groterige kewer
rooi van magma en doodverskrik.
- (2) Maar moenie worry nie. (3) Alles werk
ten goede mee. (4) Laat die vuurvloei
uitloop in die al en op die sterretjies
drup-drup. (5) Skud goed. (6) Gom nou
die helftes stewig vas en, siedaar,
die nuwe aarde, lig, leeg, lief.

- (7) Niks om na te delf, niks te splyt,
niks meer te beskryf of uit te lê.
- (8) Die kewer spartel in die melkweg
en die myte verdwyn spoedig in die buik
van wording. (9) O aansienlik intelligenter
as die myt mens, skepper van leegheid,
was jy maar reg aan die begin en nie
sommer somewhere in die groot proses nie,
nè, ma se grootman? (10) Ma se snaaksie
hou sy handjies bak en vra bol, ma.

Wilma Stockenström
(Uit: *Monsterverse*, 1984)

Dit is opvallend dat die gedig nie 'n titel het nie, wat (by die tweede lees van die teks) vooruitwerkend suggereer dat iets ontbreek of afwesig is. Die gedig self werp terugwerkend lig op die rede vir die afwesigheid van 'n titel: as gevolg van die mens se negatiewe en destruktiewe handeling word dit wat die aarde bied al minder, totdat daar niks oorbly nie. As gevolg van sintaktiese weglating (delesie) is die leë titel 'n eksploitasie van die tipografie wat die semantiese effek van destruksie en afwesigheid het – wat op sigself 'n belangrike toegangspoort of leidraad vir die dekodering van die res van die gedig bied.

Die eerste sin¹ van die gedig bevat 'n aantal uitbreidings. Die eerste versreël van dié sin is wel 'n sintakties voltooide eenheid, maar die gedagte word voortgesit in reëls 2 en 3. In 'n onafhanklike sin soos hierdie is die suiwer inversie 'n kragtige middel ter aanduiding van die sinstipe. Alhoewel *kraak* in hierdie sin die primaatposisie (insetposisie) beklee, is dit nie die onderwerp van die sin nie, omdat hierdie sinsoort getipeer kan word as 'n bevelsin, 'n versugting of 'n versoeksin. Dis is dus reeds ten aanvang duidelik dat hier 'n verskuiwing is in die neutrale plasing van sintaktiese elemente, wat tegelyk ook 'n verwagtingspatroon vir die res van die gedig skep. In hierdie sin is *die aardbol* 'n bepaalde naamwoordstuk omdat dit na 'n unieke referent verwys, dit wil sê 'n referent wat die enigste eksemplaar is van sy klas. Hier verteenwoordig *aarde* dus nie 'n klas nie, omdat dit in werklikheid 'n eensaakklas is. (As 'n referent uniek is, is die naamwoordstuk altyd bepaald.) Die items *kraak* (oorganklike hoofwerkwoord omdat dit heg met die voorwerp *aardbol* bind) en *dop* (oorganklike hoofwerkwoord) is albei voorsetsel-

1 'n Sin word in hierdie ondersoek beskou as onder andere 'n struktuureenheid wat strek van 'n hoofletter tot die daaropvolgende punt.

werkwoorde, omdat *kraak* saam met die werkwoordkomplement *oop* asook saam met die plekadjunk *langs ’n naat* funksioneer, en *dop* saam met die deeltjie *uit* funksioneer (*uit* is ’n deeltjie binne die deeltjiewerkwoord *uitdop*). In die stuk *langs ’n naat* kan ’n wel as onbepaalde determineerder optree, omdat *naat* nie ’n eensakklas is nie. Alhoewel *kraak ... oop* en *dop ... uit* gewoonlik nie met *aardbol* verbind word nie, is dit nie ’n struktuurfout nie, omdat hierdie sin getrou bly aan die struktuurfeite. Die teorie ten opsigte van dierlikheid en menslikheid kan egter nie hier toegepas word nie, omdat dit ’n semantiese anomaliese sin is waarvoor metaforiese en simboliese interpretasie nodig is. Dit is ook funksioneel dat die sintakties samehorende *naat/oop* juis tipografies geskei word, aangesien die sintakties-tipografiese breuk hier verband hou met die semantiese oopkraak van die aardbol in die twee helftes. Die vervangbaarheid van *aardbol* met byvoorbeeld *eier* maak ook ’n hele reeks semantiese moontlikhede oop – die eiersimboliek as sodanig dui op die aarde, die heelal, die lewe en herlewing, gegewens wat in hierdie gedig geïroniseer word. Die moontlikheid dat *kraak ... oop* kan verwys na ’n neut, is minder waarskynlik, omdat die woorde nie in isolasie nie, maar in konteks gelees en geïnterpreteer moet word: saam met die suggestie van die inhoud van die aarde waarvan *die vuurvloei uitloop in die al* dui dit moontlik eerder op die eiersimboliek, veral as die verskeie onstaansmites waarin ’n eier funksioneer, in ag geneem word (De Vries, 1984:159). Terselfdertyd is (*oop*-)*kraak* en (*uit*-)*dop* ook skeibaar saamgestelde werkwoorde, waarvan *oop* en *uit* die nie-werkwoordelike korrelate is, en *kraak* en *dop* die werkwoordelike korrelate; die betekenis-effek daarvan is dat die taalgebruik die inhoud ondersteun. Alhoewel skeikbaarheid van werkwoorde eintlik ’n morfologiese kwessie is en nie eintlik tot die sintaksis behoort nie, is hulle sintaktiese uiteenplaasbaarheid tog ook ’n sintaktiese kenmerk wat direk verband hou met die sintaktiese verskuiwing van *kraak* na die prominente insetposisie van die sin. Ná die aandagstreep word die bevelsin (versoeksin) opgehef en die res van die sin is dan ’n gewone stelsin. Tog is dit nie ’n gewone kernsin nie, omdat hier ook duidelike sintaktiese verskuiwing plaasgevind het. As die woordorde in die sinsdeel *jy sal vind / drie myte en ’n groterige kewer, rooi van magma en doodverskrik*, herrangskik word as *jy sal drie myte en ’n groterige kewer, rooi van magma en doodverskrik vind* (waarin *vind* in sy neutrale buiterandposisie staan), blyk die volgende: daar word groter sintaktiese prominensie verleen aan die groeperingsverwantskap tussen *jy* en *vind*, omdat dié twee items in dieselfde onmiddellike sintaktiese omgewing geplaas word. Op hierdie wyse word dit waarop die ondersoek fokus, beklemtoon: dit wat oorbly nadat die mens met die aarde klaar het. Verder is daar ook ’n verband tussen die primaatposisie van *kraak* in die eerste versreël en die verskuiwing van die sintakties neutrale posisie van *vind*, sodat *vind* deur agterplasing in

die tweede versreël die aandag op hom trek. Deur die eksplisiete voor- en agterplasing van hierdie twee hoofwerkwoorde (*kraak* en *vind*) bestaan daar tussen hulle dus 'n noue verwantskap ten opsigte van nadruk. Die aandag word dus vanaf die resultatiewe werkwoord *kraak* gevoer tot die resultaat daarvan, naamlik *vind*, dus vanaf die bevelsin of versoeksinsin as opdrag tot die stelsin as uitvloeisel van die opdrag of versoek. Gräbe (1984:190) wys daarop dat in so 'n geval nie net die verskuifde element opvallend gemaak word nie, maar dat hierdie tipe sintaktiese vooropstelling ook lei tot semantiese verbande en assosiasies tussen die betrokke leksikale items. Verder is *vind* ook 'n oorganklike hoofwerkwoord as gevolg van die groepering saam met *drie myte en 'n groterige kewer / rooi van magma en doodverskrik* in dieselfde werkwoordstuk, waarin *groterige* 'n voorbepaling is van *kewer* en *rooi van magma en doodverskrik* 'n nabepaling daarvan. Die betekeniswaarde van *drie* is hier ironies – die getal drie is in hierdie gedig nie 'n volmaakte getal nie. Dat *myte* en *kewer* in dieselfde sin genoem word, is 'n vorm van kontrastering, omdat myt 'n mikroskopiese klein parasitiese spinnekop is, terwyl die kewers die grootste klas insekte uitmaak. Alhoewel nie logies realisties nie, kan dit daarop dui dat alles – klein en groot – deur die mens vernietig word.²

Die opvallendste sintaktiese kenmerk van sin 2, wat ook 'n bevelsin is, is die leksikale afwyking *worry*. Dit verskaf sintaktiese variasie asook nadruk, alhoewel die Engelse woord nie hier onversoenbaarheid teweeg bring wat die woordklas betref nie – *worry* is steeds die hoofwerkwoord van die sin. Gräbe (1984:211) wys daarop dat so 'n afwyking wel 'n paradigmatische afwyking is, maar nie 'n sintaktiese afwyking nie. Soos in sin 1 het die kleuradjunk *maar* hier 'n versagtende funksie ten opsigte van die bevel. Cloete (1999:614) noem hierdie trant van die taalgebruik “gemeensam” en brei uit: “Daar is 'n skynbaar onverskillige toon waarin daar tog in die grootste erns oor die mens gepraat word.”

Sin 3 – *Alles werk ten goede mee* – is die enigste stelsin in die eerste strofe en is daarom in die strofegeheel opvallend tussen die ander vyf sinne wat almal bevelsinne is. Alhoewel dit 'n eenvoudige sin is wat betref sy beperktheid en onverskuifde sinselemente, kry die sin juis nadruk as gevolg van die andersoortigheid van die sintipe binne die sintaktiese omgewing van die ander sinne in die eerste strofe. Hierdie sin

2 Die assosiatiewe betekenis van die Engelse woord “in-sect” soos Dylan Thomas dit gebruik, sluit ook (tegelyk bevestigend en ironiserend) hierby aan: “to cut in half; the incomplete halves forming one synthesis” (De Vries, 1984: 270).

is ’n intertekstuele eggo van Romeine 8:28: “Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat hom liefhet”, maar nie met instemming gestel nie; eerder satiriserend, omdat die onnadenkende, egosentriese mens dikwels glo dat alles goed sal verloop – wat hy ook al doen. Die eerste hieropvolgende sin met ’n soortgelyke stelsinstruktuur kom eers weer voor in die tweede strofe – sin 7. Hoewel albei sinne begin met ’n onbepaalde telwoord, moet die semantiese implikasie ook meespreek in die seleksionele verskil as daarop gelet word dat *Alles* in sin 3 verander na *Niks* in sin 7.

Die vierde sin is weer eens ’n bevelsin / opdragsin / aanwysingsin en as sodanig ook ’n afwyking van die V-tweede beginsel. Dit word steeds duideliker dat die bevelsin as sintaktiese patroon vir strofe 1 nou sterk beslag gekry het en dat hierdie patroon, met die vyfde en sesde sinne ook in die imperatief, met die vyfde bevelsin (sin 6) finaal bevestig word. Die semantiese effek van die seleksionele afwyking in die gebruik van die woord *al* in plaas van *heelal* dui daarop dat hierdie woord en dit waarna dit semanties verwys, ook halfpad weggeneem is; *al* is al wat van *heel-al* oorgebly het nadat dit oop- en opgebreek is.

Juis vanweë die beperkte omvang daarvan word sin 5 – *Skud goed* – benadruk, veral as die meer uitgebreide aard van die aangrensende sinne in ag geneem word. Die kontras tussen die kort en lang sinne sluit aan by die intrinsiek tweeledige aard van die gedig. Alhoewel dit slegs uit ’n onoorganklike hoofwerkwoord en ’n wyse-adjunk bestaan, is dit juis prominent omdat dit kwantitatief afwyk van al die ander sinne – nie slegs dié in sy onmiddellike sintaktiese omgewing nie, maar ook in die hele gedig. Daar is ’n betekeniskorrelasie in die minder word van die aarde en die verminderde omvang van die sinne, asook ’n aanduiding van die mate van beslistheid en doelgerigtheid waarmee die mens te werk gaan.

Sin 6 sluit die verwagtingspatroon ten opsigte van bevelsinkonstruksies in die eerste strofe af. *Gom* is hier ’n oorganklike werkwoord omdat dit heg met die voorwerp *die helftes* bind. [*N*] *jou* is hier ’n tydsadjunk, *stewig* ’n wyse-adjunk, *en* ’n neweskikkende voegwoord, *siedaar* ’n tussenwerpsel wat as neweskikkende hoofwerkwoord funksioneer en *die helftes* die voorwerpstuk met *die* as bepaalde lidwoord en *helftes* die selfstandige naamwoord. Omdat *die nuwe aarde*, *lig*, *leeg*, *lief* ’n opstapeling van adjektiewe by die selfstandige naamwoord *aarde* bevat, word die aandag daarop gevestig. Hierin is *nuwe* ’n attributiewe determineerder van *aarde* en *lig*, *leeg*, *lief* die predikatiewe determineerders by *aarde*. Die funksionaliteit van die onderskeie elemente in die *nuwe aarde*, *lig*, *leeg*, *lief* is dat *die* en *nuwe* respektiewelik as predetermineerder en as determineerder by *aarde* optree, terwyl *lig*, *leeg*, *lief* ’n nabepaling by *aarde* is. Die nadruk word hier geplaas op *lig*, *leeg*, *lief* omdat hierdie nabepaling nie

net in die uitloop van die naamwoordstuk en in die uitloop van die sin staan nie, maar ook in die uitloop van die strofe. Deur die agterplasing van hierdie sinstuk word die semantiese lading van die hele eerste strofe verhoog: alles loop uit op leegheid.

Sintakties lewer sin 7 een van die duidelikste bewyse op dat die digter die taal laat doen/be-teken wat die taal sê/beteken – tegniek en betekenis is hier wedersyds ondersteunend. Met die eerste lees van die sin is dit duidelik dat daar 'n abruptheid, 'n afgekaptheid in die sin is. 'n Ander wyse waarop sin 7 gestruktureer sou kon word, is soos volg: (*Daar is*) *niks om na te delf, niks (om) te splyt, niks meer (om) te beskryf of (om) uit te lê*. In sin 7 word egter juis nadruk geplaas op *Niks* omdat dit deur voorplasing in die praatposisie te staan gekom het, asook omdat dit die antesedent is in die anaforiese ketting waarin *niks* twee maal herhaal word sodat ekstra patroonvorming plaasvind: *Niks om na te delf, niks te splyt / niks meer te beskryf of uit te lê. Niks om na te delf* kan hier beskou word as 'n lang infinitiefsin op grond daarvan dat *om te* daarin voorkom en dat 'n hulpwerkwoord soos *kan* hierin kan voorkom, wat by die kort infinitiefsin nie moontlik is nie. *Niks te splyt, niks meer te beskryf of uit te lê* is drie relik-infinitiefsinne, dit wil sê infinitiefsinne met *te* en sonder *om* (volgens Ponelis, 1979:431) wat funksioneer as kopula-predikate. Dit is belangrik om daarop te let dat die opstapeling van die infinitiewe nie die weggelate sintaktiese elemente *Daar is* (in die praatposisie) bloot negatiewer soos wat in die geval van ontkenning sou gebeur het nie; die infinitiewe het die funksie dat dit die uitingskrag van die (potensieel) performatiewe werkwoorde *delf, beskryf* en (*uit*)-*lê* nivelleer. Sodoende ontstaan daar in werklikheid 'n nul-handeling in hierdie sin, wat semanties aansluit by die *Niks* waarmee die sin begin. Eerstens is *Niks* nie die onderwerp van die sin nie, omdat hierdie sin beroof is van sy onderwerp deurdat *Daar* voor in die sin weggeval het. *Daar is* as deel van 'n moontlike eksistensiële konstruksie *is* ook deur weglating verander in non-eksistensiële. *Daar is* bestaan met ander woorde dus nie in die sin nie, sodat slegs *Niks* oorgebly het. Die hele sin dui as gevolg van die infinitiewe en die weglating van die eksistensiële *Daar is* op nul-handeling, omdat hierin geen performatiewe werkwoorde of koppelwerkwoord bestaan nie. Omdat die werkwoorde genivelleer is, is dit besonder funksioneel dat die sin deur die onbepaalde voornaamwoord *Niks* as tema ingelui word. Indien die algemene funksie van *Daar is* in ag geneem word, naamlik dat dit 'n sin detematiseer ('n werkwoord medebepaal gewoonlik juis die tema of die argument van die sin), is hier 'n dubbele detematisering, omdat die detematiserende *Daar is* hier weggelaat is en 'n tweede detematisering tot gevolg het. Hierop volg dat *Niks* in die prominente praatposisie staan as nuwe fokus van die tweede strofe en as resultaat van die veelvuldige bevelsinne van die

eerste strofe. As verder in ag geneem word dat hierdie sin die tweede strofe, wat veral deur sintaktiese reduksie gekenmerk word, inlui, is dit duidelik waarom die weggelate items as (potensiële) medebepaler van die argument van die sin juis nie teenwoordig moet wees in die sin nie en daarom maksimaal gereleveer word tot dié semantiese waarde: daar is niks/ daar gebeur niks meer nie/ daar het niks oorgebly om met menslike tegniese vaardighede en vernuf te ontgin of met wetenskaplike metodes en redeneringsvermoë te ondersoek en te beskryf nie.

Sin 8 het ’n betreklik eenvoudige (maar nie enkelvoudige) struktuur in vergelyking met die meeste ander sinne in die gedig, omdat die fokus waarskynlik hier val op die semantiese interpretasie van simbole. Dit bestaan uit twee neweskikkende sinne met *Die kewer* as die onderwerpstuk, *spartel in die melkweg* as die gesegde en *in die melkweg* as die voorsetselgroep wat optree as plekadjunk. Verder is *die myte* die onderwerpstuk en *verdwyn spoedig in die buik van wording* die gesegde, met *spoedig* die tydsadjunk. Die frase *in die buik van wording* is ’n voorsetselgroep met die funksie van plekadjunk en *die buik van* die determineerder by *wording*. Hierdie herhaling van dieselfde sintaktiese konstruksie van die twee neweskikkende sinne plaas nadruk op die semantiese inhoud van die sin en is dus ’n vorm van ekstra patroonvorming om herhaaldelik verskillende wyses van destruksie van die aarde te beklemtoon. Een van die belangrike simbole is *kewer* (skara-bee) wat volgens De Vries (1984:403) dui op wording, skepping, onsterflikheid en heropstanding – betekenis wat almal in hierdie gedig geïroniseer word, omdat die mens juis tot die dood van dinge in die heelal bydra.

Die subtiele sintaktiese verbrokkeling wat in sin 7 voorkom, kom ook in sin 9 en 10 voor en skep dus ’n bepaalde verwagtingspatroon van die hele tweede strofe. Sin 9 is ’n ironiese versugting/wens (wat aansluit by die taalhandelingsteorie), omdat daar nie ’n vraende voornaamwoord in die primateposisie (of volgens die interne norm van semi-grammatikaliteit van die tweede strofe – selfs in enige posisie) voorkom nie. As gevolg van die vooropstelling van die adjektiefstuk *aansienlik intelligenter as die myt* as determineerder by *mens*, word die subjek *mens* uit sy normale eerste posisie in die sin verskuif tot ’n minder opvallende posisie. Omdat *is die* wegelaat is voor *mens* en die V-tweede-beginsel dus genegeer is, is hier bewys van die sintaktiese verbrokkeling waarvan daar ook sprake is by ander sinne in die tweede strofe. Die werkwoord is hier wegelaat omdat dit weer eens die funksie het van nivellering van handeling (soos dit gekonkretiseer kan word in ’n werkwoord of gesegde). [*V*]an leegheid tree in hierdie sin op as nabepaling by *skepper* in die parentese *skepper van leegheid*. Inversie word aangetref in die clause *was jy maar reg aan*

die *begin en nie / sommer somewhere in die groot proses nie*. Hier is van die V-2-volgorde afgewyk deurdat die spil *was* verskuif is uit sy neutrale tweede posisie tot in die primateposisie sodat dit gevolg word deur die onderwerp *jy*. Die soortnaamwoord *begin* is 'n satiriserende van die vermeende grootheid van die mens. Soos in die geval van *worry* (sin 2 in die eerste strofe) is hier weer eens 'n seleksionele afwyking in die plekadjunk *somewhere*, wat funksioneer as 'n herbeklemtoning van die afbraak van die aarde – ook in en deur die taal. Die clause *nè, ma se grootman* staan in die buitenste rand (alhoewel voor in die versreël) en is vraagvormend, alhoewel dit nie 'n vraagsin is nie. *Ma se* is hier die genitiefsvorm (besitlikheidsvorm) van die determineerder as voorbepaling by *grootman*. As reduksieverskynsel toon die referensiële anaforiese konstruksie *mens, skepper van leegheid, was jy maar reg aan die begin* (waarin *mens*, met die adjektiewiese naamwoordstuk *skepper van leegheid*, antesedent is en *jy* anafoor) 'n parallel met die reduksie in die eerste sin van die tweede strofe, naamlik sin 7. Deurdat 'n reduksiefunksie ook in hierdie sin toegepas word, is daar 'n steeds toenemende nul-akkumulering van sintaktiese funksies. Vergelyk ook in hierdie verband die verband tussen *Niks* in die primateposisie van sin 7 as die eerste sin van die tweede strofe en die funksionele nadruk wat verleen word aan *hou sy handjies bak en vra bol* in die sluitposisie van die strofe. Verder word die anaforiese ketting wat in sin 9 begin, in sin 10 voortgesit. In sin 9 is *jy* anafories verwysend na die geïdentifiseerde referente *mens*, asook *skepper* en *grootman*, maar die anaforiese ketting word ook in sin 10 voortgesit in *Ma se snaaksie / hou sy handjies bak en vra bol, ma*.

Sin 10 kom voor as 'n gewone neweskikkend saamgestelde sin met *Ma se snaaksie* as subjek in die primateposisie, *hou (bak)* as die gesegde en *sy handjies* as objek; in die ander neweskikkende sin is *vra* die gesegde en *bol* die objek. Semanties verwys *ma* hier na *Moeder Aarde/die aarde*, maar dit is ook die geval met *bol*, wat eweneens na die *aardbol/aarde* verwys. Soos wat *Ma se* hier die genitiefsvorm van die determineerder by *snaaksie* is, so is ook *sy* in die voorwerpstuk *sy handjies* 'n genitiefsvorm van die determineerder by *handjies*, alhoewel laasgenoemde determineerder net uit 'n eenwoordstuk bestaan. Dit is opvallend van hierdie sin dat *ma* sowel in die primateposisie as in die buiterand voorkom, en wel as eienaam omdat hier nie 'n lidwoord voor enige van die twee *ma's* geplaas kan word nie. Alhoewel daar in albei gevalle verwys word na dieselfde eksemplaar, het die eienaam *Ma* in die geval van *Ma se snaaksie* 'n verwysende funksie, terwyl *ma* in die buiterand 'n vokatiwe funksie het. Die *Ma* in die primateposisie verwys na die *ma* as spreker, terwyl *ma* in die buiterand dui op die *ma* as aangesproke persoon. (Vergelyk die HAT: vokatief – naamval van die

aangesproke persoon; tweede naamval.) Dit is ook duidelik dat die hele sin 10 ’n sintaktiese reduksie is van wat twee sinne moes gewees het. Hierdie verbrokkelde sinseenheid sluit dan die tweede strofe af wat, op sin 8 na, konsekwent gekenmerk word deur sintaktiese reduksie, wat semanties verband hou met verbrokkeling en destruksie.

Daar kan instemmend met Bolinger (1972:635) beweer word dat hoe meer leksikale items geakkumuleer word, hoe waarskynliker is dit dat hulle ook ’n besondere nadruksfunksie sal hê. Daarom is die veelvuldige gebruik van hoofwerkwoorde in die eerste strofe (tien keer) juis ’n bewys van die vooropstelling van die handeling in hierdie strofe, in teenstelling met die nul-handeling wat as gevolg van die weglating van die koppelwerkwoord in die belangrike primaatposisie van sin 7 as eerste sin van die tweede strofe bestaan. In die tweede strofe is daar ’n duidelike manipulasie van werkwoorde om handeling in hierdie strofe (in teenstelling met die bevel wat in die eerste strofe uitgevoer moet word) te minimaliseer. Daarom is onder andere die koppelwerkwoorde in sin 7 en sin 9a weggelaat – daardeur word juis die non-eksistensie van handeling en selfs van bestaan aangedui.

Dit is ook interessant dat daar tien hoofwerkwoorde in strofe 1 is, terwyl daar slegs vier hoofwerkwoorde in die tweede strofe is. Die afname in werkwoorde in die tweede strofe het ’n toename in selfstandige naamwoorde tot gevolg: teenoor slegs tien selfstandige naamwoorde in die eerste strofe is daar sewentien in die tweede strofe. Die klem verskuif dus van die handeling wat uit die bevelsinne van die eerste strofe voortvloei – soos ingelui deur die prominente *kraak oop* in die primaatposisie van die eerste sin – na die tweede strofe as reaksie op die bevelsinne, wat deur die voorplasing van die onbepaalde telwoord *Niks* as plaasvervangende selfstandige naamwoord gedomineer word.

Verder is dit opmerklik dat daar in ’n tweeledige sintaktiese simmetrie in die gedig is: die eerste strofe bestaan oorwegend uit bevelsinne en die tweede strofe oorwegend uit stelsinne; die eerste strofe bestaan uit grammatikaal “normale” sinne (as die norm die SVO-orde is) en die tweede strofe uit oorwegend sintakties van die SVO-orde “afwykende” sinne (in die kognitiewe linguistiek genoem “minder prototipiese sinne”) as gevolg van die sintaktiese reduksie. Daar is ’n duidelike kohesie tussen die sinstrukture wat betref ’n sintaktiese vooropstelling van die destruksie van die aarde – tot in die fyn grein van die taalgebruik.

4. Slotsom

Die sintaktiese analise van ’n gedig kan ’n beduidende bydrae lewer tot die ontsluiting van die betekenis van ’n gedig, maar soos met alle

moontlike leesstrategieë, kan 'n mens maar net 'n fraksie verstaan van die totaliteit van die gedig en word nie daarop aanspraak gemaak dat die sintaktiese invalshoek tot die lees van 'n gedig hoegenaamd voldoende is nie. 'n Sintaktiese analise kan 'n winsgewende vertrekpunt wees vir die uitwys van 'n aantal belangrike merkers in 'n gedig en die vorming van 'n leesstrategie na aanleiding waarvan daar nog verdere, omvangryker analise en interpretasie kan volg, of dit kan bykomend by ander soorte leesstrategieë gebruik word.

Om 'n sintese te gee van die semantiese of betekenisaspekte wat aan die lig gekom het as gevolg van wyses waarop sintaktiese nadruk in “Kraak die aardbol langs 'n naat” tot stand gekom het, kan die volgende beklemtoon word. Die gedig val in die kader van “groen poësie”, omdat die spreker in die gedig die aangesprokene in 'n satiriese toon en sterk ironiserend daarop wys dat die mens 'n geweldige kragtige rol speel in die destruktiewe prosesse waardeur die aarde en alle lewe daarop vernietig word. Met sy breinkrag en vernuf gaan die mens voort om af te breek, en het selfs uiteindelik die vermetelheid om te vra vir nog meer om te vernietig. Deur die mens se toedoen is daar naderhand niks meer oor nie. Alhoewel die gedig uit tien sinne bestaan en elke strofe ook uit tien reëls elk bestaan – waarin tien 'n volheidsgetal sou kon wees, word volheid en volmaaktheid juis in die gedig geïroniseer.

Die intrinsieke struktureringsprinsipe van tweeledigheid en simmetrie werk op verskeie wyses saam: die gedig word in twee strofes verdeel; die aarde word in twee verdeel; daar word twee soorte insekte genoem. Ook is daar is verskeie vorme van herhaling, byvoorbeeld *drup-drup*, die herhalende allitererende l-klanke en assonerende a-klanke, wat by mekaar aansluit: *lig, leeg, lief* en *aarde* en *ma*. Die tweeledigheid werk ook negatief, omdat dinge verdeel word of net die helfte daarvan genoem word, byvoorbeeld die implikasie van verdeling in *Kraak ... langs 'n naat, (heel-) al, helftes* en *(aard-)bol*.

Die waarde van die uitwerking van die gedig kan op verskeie wyses beredeneer en geformuleer word, waarvan een moontlikheid is dat die ongeërgde, destruktiewe mens opgeroep word tot nadenke en 'n verandering van ingesteldheid in die wyse waarop hy met die aarde in interaksie tree sodat die teendeel kan gebeur. Die teendeel, as geïmpliseerde binêre opposisie van die direkte betekenis van die gedig (wat moontlik die eintlike outeursintensie kan wees) is verdere nadenke oor die wyses waarop die mens die aarde kan help opbou. Só kom die mens/die leser dan tot 'n beter begrip van die sin van die sintaksis van die poësie, die *heel-al* van hierdie gedig (dié gedig as taaluniversum) en die lesersreaksie op die literatuur-in-konteks.

Bibliografie

- Bolinger, D. 1972. Accent is predictable (if you're a mind reader). *Language*, 48(3): 633-644.
- Cloete, T.T. 1999. Wilma Stockenström. In: Van Coller, H.P. (red.) *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel 2. Pretoria : Van Schaik. p. 607-620.
- De Vries, Ad. 1984. *Dictionary of symbols and imagery*. Amsterdam : North Holland.
- Fabb, Nigel. 1997. *Linguistics and literature*. Oxford : Blackwell.
- Gräbe, Ina. 1984. *Aspekte van poëtiese taalgebruik: teoretiese verkenning en toepassing*. Potchefstroom : Departement Sentrale Publikasies. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
- Gräbe, Ina. 1992. Sintaksis (van die poësie). In: Cloete, T.T. (red.) *Literêre terme en teorieë*. Pretoria : HAUM-Literêr. p. 489-493.
- Peeters, L. 1984. Grense van taalkundige analise by gediginterpretasie. (In: *Linguistevereniging van Suider-Afrika: referate gelewer by die jaarkongres gehou in Julie 1984 te Pretoria*. Vol. 2. Pretoria. p. 487-506.)
- Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria : Van Schaik.
- Stockenström, Wilma. 1984. *Monsterverse*. Kaapstad : Human & Rousseau.

Kernbegrippe:

ekokritiek
groen gedig
sintaksis
Wilma Stockenström

Key concepts:

ecocriticism
environment
syntax
Wilma Stockenström